# ZITA SE WEER-BEGIN: NOU MAAK ALLES SIN

Met haar geheime sprokiestroue in 'n lugballon op Oukersdag het Zita haar seer agtergelaat – en nou deel sy besonderhede en foto's van die groot dag eksklusief met Huisgenoot se lesers Deur CARLA COETZEE



ALBERT BREDENHANN VAN PIXEL PRO PHOTOGRAPHY; LUTHER VAN DER WALT VAN AVS STUDIOS

Eddie Clayton en Zita Pretorius ken mekaar al jare en het in Desember stilletjies afgehaak tydens 'n lugballonrit.

DIT was een van die bes bewaarde geheime in die Afrikaanse musiekwêreld: Teen dagbreek styg 'n lugballon geruisloos op met 'n blonde bruid in 'n kantskepping, 'n bruidegom deftig in 'n swart pak en net 'n handjie vol gaste aan boord.

Al hoër word hulle deur die lugstrome meegevoer, al verder van die ontwakende Goudstad en sy gewoel, tot huise onder hulle tot spikkeltjies op die grond vervaag.

Terwyl die eerste sonstrale van 'n nuwe dag die Hoëveldse hemel rooi vlek en hulle deur die lug dryf met die wêreld aan hul voete, sweer die sangeres Zita Pretorius (27) ewige trou aan Eddie Clayton (45), die man wat ná al die hartseer van die verlede weer haar hart kom heelmaak het.

"Dit was nes 'n sprokie," vertel sy van hul troue op Oukersdag verlede jaar. Nie net is hulle stil-stil daar in die lugballon getroud nie; Zita het ook die afgelope vyf maande teenoor die media die stilswye daaroor bewaar.

Eers met vandeesmaand se uitreiking van haar nuwe enkelsnit, Begin Weer, het sy verklap sy en haar verloofde is reeds getroud. En noudat die aap uit die mou is, het sy ingestem om foto's en besonderhede oor hul romantiese troue eksklusief met Huisgenoot te deel.

"Dit was 'n dag sonder fieterjasies, en baie intiem. My hart was so gelukkig," vertel die beeldskone blondekop.

Maar waarom dan die geheimhouding? "Ons wou dit so lank moontlik privaat hou," verduidelik Zita, en voeg by sy en Eddie het darem albei die nuus met hul Facebookvriende gedeel.

In 'n onderhoud met Huisgenoot verlede November oor haar en Eddie se verlowing het Zita ook haar hart uitgepraat oor die "uiters traumatiese en eensame tyd" wat sy in 2016 ná haar egskeiding van die Romanz-sanger Burgerd Botha deurgemaak het. Sy is toe skerp in die sosiale media gekritiseer, veral omdat hul huwelik ná net 19 maande op die rotse beland het.

"Daar was, en is steeds, baie eensydige menings oor my. Die media het my as 'n slegte mens uitgebeeld, en die publiek het 'n verwronge idee van my ontwikkel . . . Ek is tot op die grond afgebreek," het sy toe gesê.

Die tonge het opnuut geklap toe haar verhouding met die sanger Gerrie Pretorius, by wie sy ná haar egskeiding nuwe liefde gevind het, ná net meer as 'n jaar tot 'n einde gekom het. Zita sê hulle het besef hulle kliek beter as vriende en hulle kom vandag nog goed oor die weg.


Maar in Eddie, wat as dirigent, komponis en musiekvervaardiger haar liefde vir musiek deel, het sy eindelik haar geesgenoot gevind, sê Zita.


Hul sprokiestroue in die lugballon was inderdaad vir haar die nuwe begin waarvan sy in haar nuwe enkelsnit, Begin Weer, sing.

Sy praat uit ondervinding toe sy sê: "Maak nie saak hoe gebroke jy is nie, as jy die regte een vind, maak alles weer sin."

HUL paaie het meer as 10 jaar gelede die eerste keer gekruis toe Zita in 'n kerkkonsert in Pretoria gesing het waar Eddie dirigent was. Maar eers in 2017 het hul romanse vlam gevat nadat hulle die vorige jaar saam aan die operaproduksie Cula Mzansi vir Gauteng Opera gewerk

(Blaai om)





(Van vorige bladsy)

het. Zita het gesing en Eddie het gedirigeer.

"Ons het van dag een af goed oor die weg gekom, maar was aanvanklik net vriende. Dit het my baie lank gevat om weer iemand te vertrou," het Zita 'n maand voor hul troue aan Huisgenoot vertel.

Duidelik het Eddie daarin geslaag om haar vertroue én haar hart te wen, want toe hy haar teen die einde van 2017 vra om sy vrou te word, het sy ja gesê.

"Ons het net so vyf maande aan die troue beplan," vertel sy nou.

Hulle het net 18 gaste, meestal familie, na die intieme seremonie op 24 Desember verlede jaar genooi. Almal is versoek om douvoordag bymekaar te kom by die Kloofzicht Lodge in Muldersdrift, waar die huweliksonthaal ook ná die ballonrit gehou is.

"Almal het gebel en gevra of ons vieruur in die oggend bedoel," lag Zita. "Toe hulle hoor wat ons beplan, was almal baie opgewonde. My familie is gewoonlik waaghalsig, so hulle het baie daarna uitgesien."

Zita het soos 'n sprokiesprinses gelyk in 'n kort, romantiese skepping van kant en sagte, vloeiende materiale. "Dit was sag en vroulik, nes sy," sê die ontwerper Johan Botha van sy skepping in verskillende skakerings van room, bleek en vuilpienk. "Ons het vier verskillende kantmateriale gebruik en die romp was van net en organdie gemaak." Die sagte romp kon sy by die onthaal afhaal, vertel hy verder – so was dit makliker om te kuier.

Haar pa, Petrus Pretorius, het saam met Zita na die wagtende lugballon geloop, so asof hy haar kansel toe vergesel. Maar pleks van met 'n paadjie tussen kerkbanke deur haar bruidegom tegemoetstap, was dit al langs 'n smal voetpaadjie in die veld. Ewe tradisioneel het Petrus sy dogter aan Eddie oorhandig.

Hy het skoon tranerig geraak toe hy sy bruid die eerste keer prentjiemooi in haar trourok sien.

"Eddie is 'n baie in-beheer-man, maar toe hy my sien, kon 'n mens sy sagte kant sien," onthou Zita.

Net voor die son oor die horison verrys het, het almal in die lugballon se mandjie geklim. Terwyl dit ál hoër klim en die naghemel voor die rooi gloed van die dagbreek wyk, het ds. Janine Bevolo-Manders hulle in die eg verbind.

Uit Prediker 4 het sy voorgelees: *Twee is beter as een. Saam bereik hulle meer in hulle werk. Iemand kan die een aanval, maar die twee kan weerstand bied.*

Zita was 'n stralende bruid. Sy sê sy kon nie ophou glimlag nie.


"Die fotograaf, dominee en ons gaste was almal in die mandjie van die lugballon. Dit was so spesiaal. Ons het verwyder gevoel van die gejaag daaronder. Dit was almal se eerste keer in 'n lugballon, maar dit was windstil en salig. Die Here het regtig sy hand oor ons gehou, en niemand was bang nie."

Toe die lugballon ná die seremonie in 'n vlei te land kom, het die gaste al giggelend deur die moeras gestap. Ook maar goed Zita se trourok was 'n mini sonder 'n sleep . . .


"Ek het plat skoene aangehad, dankie tog. Ons gaste het almal lekker gelag, want hul broeke was nat en modderig, maar niemand het gekla nie," vertel Zita.

Daar in die veld het Anthony Evans, 'n









BO: Gaste moes om vieruur die oggend regstaan om in die lugballon te klim en teenwoordig te wees toe ds. Janine Bevolo-Manders die paartjie hoog in die lug in die eg verbind – 'n sprokie wat waar word.





Zita het smeulend gelyk in 'n minirok. Sy sê sy wou gemaklik wees tydens die lugballonrit – maar steeds elegant.

vriend van Eddie en Zita, 'n heildronk op die bruidspaar ingestel, en almal het 'n glasie vonkelwyn op hulle geklink. Daarna is hulle na die onthaal by die nabygeleë Kloofzicht Lodge geneem. Daar kon die gaste weglê aan 'n vyfsterontbyt van skons, kouevleise, vrugte en brode.

Al het Eddie en Zita hul huweliksbeloftes swewend in 'n lugballon afgelê, het hulle die huweliksregister op moederaarde by die onthaalsaal onderteken om seker te maak hulle is wetlik getroud.

"Dit was so lekker om ons naaste familie en beste vriende by ons te hê. 2018 was 'n baie gejaagde jaar en ons het almal eintlik min gesien. Dit was so lekker om saam te wees en ons huwelik te vier, en sommerso op Oukersdag ook," sê Zita.

Eddie se seun uit sy vorige huwelik, die 14-jarige Alexander, het spesiaal uit Engeland vir sy pa se troue gekom, vertel sy.

Hulle het nie op die onthaal gedans nie, maar Zita het wel vir Eddie verras deur die lied Book of Love van Peter Gabriel vir hom te sing: *The book of love has music in it / In fact that's where music comes from …*

Eddie het haar op sy beurt verras met sy verwerking van Broken Together, 'n lied van Casting Crowns, wat sy niggie Maren du Plessis op die tjello gespeel het.

"Dit was baie spesiaal. Ek verras hom en hy vir my," lag Zita.

Weer het die vonkelwyn gevloei, want "dit hoort mos by 'n feesvierontbyt". Daarna het hulle die drielaagtroukoek van vanieljesponskoek, deurweek van suurlemoenstroop en roomkaasvulsel, gesny. 'n Vriendin van Zita, Judy-Mari Steenkamp, het dit gebak.

Haar ruiker van wit en pienk rose het die bruid aan die enigste ongetroude vrou by die onthaal gegee pleks daarvan om dit te gooi.


"Ons het dinge 'n bietjie anders gedoen, maar eie aan ons. Ek sou niks van die dag anders wou hê nie," sê Zita.

Die ouderdomsverskil van 18 jaar tussen haar en Eddie het hulle nog nooit gepla nie. En dit gaan hulle ook nie keer om met 'n gesin te begin nie.

"Ons wil vir seker kinders hê, twee klein blondekoppies," sê die sangeres wat nou uitsien na 'n toekoms saam met die man van haar drome.

"Ons is gereed sou Liewe Jesus hulle aan ons toevertrou." ■





LINKS: Ná die vyfsterontbyt kon gaste aan 'n drielaagtroukoek smul. NAASLINKS: Die uitnodigings en versierings het by die lugballontema aangesluit. REGS: Niks gaan hulle keer om met 'n gesin te begin nie, sê Zita en Eddie.

